# Luiperds maak weer ’n draai by Grootdraai




**Die vrouens KAN ook visvang!**

Jänee, die kieriebrigade was alweer eerste op die toneel.  Phillip en Ans, Willem en Elsie, Jan en Antoinette het al Donderdagoggend  opgedaag. Vrydagmiddag net na tweeuur het die res van die Luiperds begin opdaag.  Johan Swanepoel  het eerste opgedaag sonder Hettie want die budgie het seergekry en die honde moes opgepas word. Dit is goed dat daar mense in hierdie wêreld is wat omgee vir diere, maar hulle is ook lief vir kamp en niks sal hulle keer om saam met ons te kamp nie.



**Die vissermanne sou graag hierdie Grootes wou vang**

Die weer het Vrydag mooi saamgespeel en Vrydag-oggend is daar eers lekker gehengel en van tweeuur af het Jan en Willem hul pligte as kamp-kommandante begin nakom. Om vyfuur is die vure aangesteek en die wors vir die worsbrood-jies gebraai.  Teen seweuur die aand was nog net Wollie en Corlia so wel as Susarie met haar twee seuns nog nie hier nie.  Wollie was betyds vir ‘n worsbroodjie maar Susarie het eers Saterdagog-gend hier aangekom.   Jan het Vrydagaand vir ons boekegevat en die ons het die aand lekker gekuier, na al die kampopslanery.

Saterdagoggend om sesuur het die hengelkompe-tiesie  in alle erns begin.  Daar was twee een-manspanne, naamlik Johan Pelser en Jan Lombard, albei nogal van die kieriebrigade.  Daar was ook twee spanpogings naamlik die Storm-span en die Oosthuizenspan. Om tienuur is die hengel tydelik gestaak vir boekevat.  Die ander kampeerders het maar verder lekker gekuier, ge-shop, geskinder en wat ook al terwyl die manne hulle lyne dop gehou het.  Vyfuur is die visse getel en die resultate bekend gemaak. Johan Pel-ser was die wenner, tweede was die Oosthuizens met Nerissa aan die voorpunt en Stormspan met Keyser aan die voorpunt was derde. Kort hierna is die vure aan die brand gesteek en die braai het gevolg.  Daarna is daar lekker gekuier en musiek gemaak deur Johan en Cecile Bosch  saam met Johan Pelser.  Die muskiete het eers baie gepla maar nadat die kampvuur  aan die brand gesteek is, was die muskiete heelwat stiller.  Daar is tot



**Die manne het met groot entoesiasme aan die visvang deel geneem**

laat die aand om die kampvuur gekuier en gesing. Weereens het die weer mooi saamgespeel.

Sondagoggend het die weer ons vroeg al begin dreig. Ons het net met die oggenddiens begin, toe kom die reën en moes ons na die klub se stoep skuif om verder kerk te hou. Ons gaste was Peet en Elaine van Oosvaal, Wollie en Corlia, Keyser en Marie-Louise, Japie en Cherie en Ronel. Die plan was om na kerk saam te brunch maar die weer wou nie saamspeel nie. Almal het maar so spoedig moontlik opgepak en huis toe gegaan voor die swaar reën se koms. Phillip en Ans het saam met Willem en Elsie agter gebly en eers die Maandag ggend huiswaarts gekeer.

Jan Lombard





**Ons Gaste**



**Johan Pelser lyk nogal gelukkig omdat hy as die wenner aangewys is**





**Ons kuier en braai**




**Waarheen is jul tweetjies oppad?**



**Met so ‘n groot groep Vlak..varke het die streekskas danksy Francois ‘n hupstoot gekry**